

**9 April**

**Psalm 23:4 en Efesiërs 6:10-13**

***God beskerm sy kinders teen die Bose***

Bedreigende omstandighede is volop, 'n Toespitsing is die bedreiging van die Bose vir God se kinders. Die duiwel en sy bese geeste is 'n werklikheid, selfs al kan ons hulle nie sien nie. Dit maak hulle net nog gevaarliker.

Uit Psalm 23:4 leer ons dat God sy kinders beskerm. Dit word baie sprekend in die beeldspraak van die herder uitgedruk wat met sy stok en staf die gevare van sy kudde afkeer en sy skape op die regte pad hou. Met die stok wat die aanvals- en beskermingswapen van die herder is, verseker hy die veiligheid van sy kudde. Met die staf druk hy die skape wat op gevaarlike plekke loop terug in veiligheid. So beskerm die Here ons teen die Bose wat ons bedreig.

Omdat ons te alle tye op die Here se beskerming teen die Bose kan reken, is dit nodig dat ons aktief ons toevlug tot Hom sal neem en ons krag vir die stryd by Hom sal soek. Die stryd teen die Bose word in Efesiërs 6:12 uitgedruk met 'n woord wat op 'n stoeigeveg dui. So konkreet en uitputtend is die stryd van die gelowiges teen die bese geeste in die lug.

Te midde van ons daaglikse stryd teen die Bose het ons die versekering dat Christus die oorwinnaar is en dat ons deur 'n ware geloof in sy oorwinning deel (Rom. 8:37).

Sing: Skrifberyming 10:5, 6.

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)